


## Week 5: Galasiërs 5:22-6:18

**Ek het 'n brief op die web geplaas onder Rian se pen – dit sal great wees as julle as groep deur die brief kan lees.** Met die preekreeks oor vryheid, is die vraag gereeld gevra: Hoe werk dit prakties as ek wil vry word, of hoe begin ek onder die beheer van die Heilige Gees lewe? Ek probeer daardie vrae antwoord.

**Vir die gesprek in die selgroep kan julle die volgende vrae gebruik in die** groep – die brief probeer elkeen daarvan op 'n manier antwoord:

**Lees: Galasiërs 5:22-6:18 -** Wat tref jou dadelik as jy hierdie gedeelte lees oor die saak van vry-word?

- **Hoe plaas ek my lewe onder beheer van die Heilige Gees** of in ander woorde wat kan ek doen dat die Heilige Gees my gedrag bepaal**? (v 25)**
- **As gelowiges leef ons vanuit die oortuiging dat die Here die heeltyd by ons is – Matt 28:20, Joh 16:7, Gal 3:14, Gal 4:6.** Wat beteken dit as die Heilige Gees reeds by ons is? (eerste bullet point op brief)
- **Hoekom vra ons moeilik?** Dink julle God raak moeg as ons vra? Raak jy moeg vir jou kind se vrae? Wat is daar wat julle vandag vir die Here wil vra? (tweede bullet point op brief)
- **Watter waarde het dit om aan beloftes uit die Bybel vas te hou?** Hoe kan ons dit prakties elke dag doen – gee vir mekaar raad en tips. Wat werk vir jou, hoe kna julle mekaar daaraan herinner deur die loop van 'n week? (derde bullet point op brief)
- **Waarom is dit so belangrik om gehoorsaam te wees?** Hoe kan gehoorsaamheid aan die Here en die Bybel jou help om in vryheid te leef? (vierde bullet point)
- **Hoe kan julle mekaar help?** Raak baie prakties. Dalk is daar iemand in die groep wat gebed nodig het of ondersteuning op een of ander manier. Doen dit sommer – sit persoon in middel van kring en bid vir hom of haar... (vyfde bullet point)
- **Watter ander maniere het jou gehelp om oorgegee aan die Heilige Gees te leef?**